

**Maandag 10 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10 – 4:8**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:16; NGB Artikel 3**

**Deur mense geskrywe, aangedryf deur die Gees van God**

Net soos die tweede brief van Petrus sy laaste brief was, was 2 Timoteus die laaste brief van die apostel Paulus. Paulus weet die tyd van sy heengaan is naby (4:6).

Sy nalatenskap aan die kerk is, soos dié van Petrus, die opdrag om by die woorde van die apostels te bly. Waar Petrus dit egter gehad het oor die woorde wat die apostels *gespreek* het (2 Pet. 1:21), verwys Paulus spesifiek na die woorde wat hulle *geskryf* het. Waarom so? Want net soos hulle gesproke woorde, is ook hulle geskrewe woorde geïnspireer. Trouens, die *hele* Skrif is deur God geïnspireer (3:16).

Die Griekse woord wat met “geïnspireer” vertaal word, beteken letterlik “aangeblaas”. Dit is destyds gebruik met verwysing na seilbote wat deur die wind aangeblaas is. Die rigting waarin ’n seilboot gevaar het, is deur die wind bepaal. ’n Seilboot kon nooit téén die wind in opvaar nie. Net so is die woorde wat die apostels en profete geskryf het, deur die Gees aangeblaas, “gedrywe” soos 2 Petrus 2:21 dit stel. Hulle kon nie één woord skryf wat teen God se bedoeling ingaan nie.

Selfs die besluit om dit neer te skryf, was nie uit hulleself nie, maar Godgedrewe. Die NGB Artikel 3 stel dit so: “God het deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en die apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel.”

Vir dié opdrag moet ons God dank, want deur sy geskrewe Woord leer Hy ons dat geloof in Jesus Christus die pad van verlossing is (vs 15). Boonop rus die Here ons deur die Skrif toe vir ’n lewe in sy diens (vs17). Bly dan by wat die Skrifte jou leer, want jy weet: al is dit deur mense geskryf, is dit God se Woord.

*Sing: Psalm 89-1:6*

*Prof. GJC Jordaan (Gert) (emeritus)*